# Openbaring



## Bybelstudie 1: Inleiding

# Hoe verstaan en verklaar mens Openbaring?

Interpretasie: Ek lees en besluit hoe ek dit gebruik.

Definisies:

Verklaring : Ek lees en probeer verstaan wat God vir my sê.

# Hoe verstaan en verklaar mens Openbaring?

Openbaring is geskryf in 95nC – ek mag niks "verstaan" wat nie deur die eerste lesers verklaar kon word nie!

**Onthou**

Lees altyd die teks in konteks.

Konteks = woord in vers

en:

- Binne die hoofstuk
- Binne die boek
- Binne die Bybel

# Hoe verstaan en verklaar mens Openbaring?

Pas op om ’n "=" te sit ten opsigte van terme wat dieselfde klink, byvoorbeeld:

- "Boekie" in Daniël en Openbaring
- "Meet van tempel" in Esegiël en Openbaring.

**Onthou**

Ons werk met ’n vertaling. Lees ander vertalings. Gebruik die ten minste al die Afrikaanse en Engelse vertalings wat jy het.

Pasop vir parafrases van die Bybel.

Geen vertaling of verklaring van enige Bybel(boek) is volmaak nie.

Pas op vir "verklarings" wat hulleself die "reg" toe-eien dat hulle Openbaring vir vandag verklaar.

Afrikaanse Bybels

HOLY BIBLE

Bible

Pas op vir "verklarings" wat hulleself die "reg" toe-eien dat hulle Openbaring vir vandag verklaar.

# Simboliek - Getalle


| 3 | 4 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|

GOD VOLMAAK * VADER * SEUN * HEILIGE GEES *

# Simboliek - Getalle

| 3 | 4 | 6 | 7 |
|---|---|---|---|





# Simboliek - Getalle

3 4 6 7

Onvoltooide skepping

Aarde na sondeval

Mens gehoorsaam Satan

- aarde vervloek

Daarom: 6 6 6 → Absoluut onvolmaak

# Simboliek - Getalle

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3 | 4 | 6 | 7 |

= 3 + 4

God se werk op aarde

# Simboliek - Getalle

3 4 6 7

10 = 3 + 3 + 4

God se werk met die aarde

# Simboliek - Getalle

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3 | 4 | 6 | 7 |

12 = x

God se interaksie met die aarde

# Simboliek - Getalle

3 4 6 7

3 + 3 + 4

God in volle beheer

1000 = 10 x 10 x 10

144000 = 12 x 12 x 1000

3 x 4

God se volle werk

# Simboliek - kleure


Vrede
Reinheid

Oorlog
Onheil

Ellende
Verdeel

Dood

# Simboliek - Plek




**Die plek waar 'n gesig afspeel is rigtinggewend vir die verklaring van op wie dit van toepassing is.**

# Openbaring




## Struktuur

# Openbaring 1:4-7

## Troos vir uitverkorene

Johannes, aan die sewe gemeentes in Asië: Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is; en van Jesus Christus, die betroubare getuie, die Eersgeborene uit die dood
en die heerser oor die konings van die aarde. Aan Hom wat ons liefhet, en ons deur sy bloed van ons sondes verlos het, wat ons 'n koninkryk gemaak het, priesters vir God, sy Vader – aan Hom kom die heerlikheid en die sterkte toe, vir ewig en ewig. Amen.


Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, selfs hulle wat Hom deurboor het; en al die volke op die aarde sal oor Hom rou. Ja, amen!




Hemel

Aarde

## Verdoeming vir ongeloof



Hoofstuk 1: Christus openbaar wat moet gebeur
Hoofstuk 4, 5: Troongesig: God in beheer
Hoofstuk 2 en 3: Gerig aan die kerk op aarde – 7 gemeentes verteenwoordig die kerk in die eindtyd.


Hoofstuk 1: Christus openbaar wat moet gebeur
Hoofstuk 2 en 3: Gerig aan die kerk op aarde – 7 gemeentes verteenwoordig die kerk in die eindtyd.
Hoofstuk 4, 5: Troongesig: God in beheer
Hoofstuk 6: 6 Seëls word oopgemaak
Hoofstuk 7: Intermezzo - Kerk: nou en ewig
Hoofstuk 8 - 9: Trompette
Hoofstuk 10-14: Intermezzo - Kerk: aanslag
Hoofstuk 15 - 18: Bakke
Hoofstuk 19 - 21: Christus sal oorwin!
Hoofstuk 22: Christus se kerk moet volhard onder die versekering van 'n gewaarborgde oorwinning!

# Openbaring




## Boodskappe aan die kerk




# Efese

1:20: Dit is die misterie van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het ...
2:1 - "Dit sê Hy wat die sewe sterre in sy regterhand hou....





# Smirna

1:17, 18: Ek is die Eerste en die Laaste en die Lewende. Ek was dood, maar kyk, Ek leef vir ewig en ewig...
2:8 - “Dit sê die Eerste en die Laaste, wat dood was, maar lewend geword het, ….





# Pergamum

1:16: ... uit sy mond het daar 'n skerp swaard met twee snykante gekom,
2:12 - “Dit sê Hy wat die skerp swaard met die twee snykante het, ....





# Tiatira

1:14, 15: sy oë soos 'n vlammende vuur. Sy voete was net soos gloeiende koper ...
2:18 - Dit sê die Seun van God, wat oë het soos 'n vlammende vuur, en voete soos gloeiende koper, ...




# Sardis


1:16: In sy regterhand het hy sewe sterre gehou...
3:1 - "Dit sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het,....




# Filadelfia


**Hades:** Dit is voorgestel as 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal. Dit is die "Doderyk" of "onderwêreld" genoem.

1:18: ook hou Ek die sleutels van die dood, en van Hades...
3:7 - Dit sê die Heilige, die Ware, wat die sleutel van Dawid hou, wat oopmaak, en niemand sal dit toesluit nie, wat toesluit, en niemand sal dit oopmaak nie ....




# Laodisea

1:17: Ek is die Eerste en die Laaste ...
3:14: Dit sê die Amen, die getroue en ware getuie die begin van God se skepping





1:1: Hier volg 'n openbaring deur Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat binnekort moet gebeur.

1:19, 20: Skryf dan op wat jy gesien het, wat daar is, en wat hierna gaan gebeur. Dit is die misterie van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, en van die sewe goue kandelare: Die sewe sterre is die sewe boodskappers van die sewe gemeentes, en die sewe kandelare is die sewe gemeentes.”

# Openbaring




## Troon-gesig




# Openbaring 4

Hierna het ek gesien, en kyk, 'n deur wat in die hemel geopen is, en die stem wat ek voorheen so hard soos 'n basuin met my hoor praat het, het gesê: “Kom op hierheen, en Ek sal aan jou wys wat hierna moet gebeur.” Onmiddellik het die Gees van my besit geneem, en kyk, daar was 'n troon in die hemel, en Iemand wat op die troon sit.

Die vier lewende wesens het elkeen ses vlerke, wat reg rondom en aan die binnekant vol oë is. Sonder om te rus, herhaal hulle dag en nag: “Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, Hy wat was en wat is en wat kom.” En telkens wanneer die lewende wesens heerlikheid en eer en dank bring aan Hom wat op die troon sit, aan Hom wat vir ewig en ewig leef, val die vier-en-twintig ouderlinge in aanbidding neer voor Hom wat op die troon sit.




# Openbaring 5


Ek het in die regterhand van Hom wat op die troon sit 'n boekrol gesien, aan die binnekant en die buitekant vol geskryf, en met sewe seëls goed verseël. Ek het ook 'n sterk engel gesien, wat met 'n harde stem uitroep: "Wie is waardig om die boekrol oop te maak en die seëls daarvan te breek?"

En ek het tussen die troon en die vier lewende wesens, en tussen die ouderlinge, 'n Lam, soos een wat geslag is, sien staan. Hy het sewe horings en sewe oë gehad – die sewe Geeste van God ... Toe Hy die boekrol neem, het die vier lewende wesens en die vier-en-twintig ouderlinge voor die Lam neergeval… Toe sing hulle 'n nuwe lied: "U is waardig om die boekrol te neem, en die seëls daarvan oop te breek, omdat U geslag is, en met u bloed mense vir God gekoop het, uit elke geslag en taal en volk en nasie.

# Openbaring




## Hoofstuk 6, 7: Ses plus 1 seëls





## Seël 1

Ek het gesien toe die Lam een van die sewe seëls oopbreek. En ek het een van die vier lewende wesens soos die geluid van 'n donderslag hoor sê: “Kom!” Ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit perd. Sy ruiter hou 'n boog vas, en 'n oorwinnaarskroon is aan hom gegee. Hy het opgetrek as oorwinnaar, en om te oorwin.





# Seël 2

Toe Hy die tweede seël oopbreek, het ek die tweede lewende wese hoor sê: “Kom!” 'n Ander perd, 'n vuurrooie, het toe uitgegaan. Aan sy ruiter is vergun om die vrede van die aarde weg te neem, sodat mense mekaar kon doodmaak. Aan hom is ook 'n groot swaard gegee. .





# Seël 3

Toe Hy die derde seël oopbreek, het ek die derde lewende wese hoor sê: “Kom!” Ek het gesien, en kyk, daar was 'n swart perd. Sy ruiter hou 'n weegskaal in sy hand. Ek het toe iets soos 'n stem tussen die vier lewende wesens hoor sê: “'n Rantsoen koring kos 'n denarius, en drie rantsoene gars kos 'n denarius, en moenie dat daar skade kom met die olyfolie en die wyn nie.”





# Seël 4

Toe Hy die vierde seël oopbreek, het ek die vierde lewende wese hoor sê: “Kom!” Ek het gesien, en kyk, daar was 'n vaal perd. Sy ruiter se naam is Dood, en die Hades volg hom. Aan hulle is volmag gegee om 'n kwart van die aarde dood te maak deur die swaard, hongersnood, 'n dodelike siekte, en die wilde diere van die aarde.





# Seël 5

Toe Hy die vyfde seël oopbreek, het ek aan die voet van die altaar die siele gesien van dié wat doodgemaak is vanweë die woord van God en die getuienis wat hulle gelewer het. Hulle het met 'n harde stem geroep: “Tot wanneer, heilige en ware Here, gaan U uitstel om u oordeel te voltrek, en ons bloed op die aardbewoners te wreek?” Daarop is aan elkeen van hulle 'n lang wit stola gegee, en hulle is aangesê om nog 'n kort rukkie te rus, totdat hulle medediensknegte en broers, wat ook soos hulle doodgemaak gaan word, voltallig sou wees.




# Seël 6

Ek het gesien toe Hy die sesde seël oopbreek. En daar het 'n groot aardbewing plaasgevind. Die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geheel en al soos bloed geword ... "Val op ons, en verberg ons van die aangesig van Hom wat op die troon sit, en van die toorn van die Lam; want die groot dag van hulle toorn het aangebreek, en wie kan staande bly?"





## Seël 7

Intermezzo!

Aarde: 144000 gelowiges. 12 Stamme – kerk op aarde

Hemel. Ontelbare skare – gelowiges van alle tye





As die sewende seël oopgemaak word, ontvou dit in die ses plus 1 trompette: En toe die Lam die sewende seël oopbreek, het daar vir ongeveer 'n halfuur lank stilte in die hemel neergedaal. En ek het die sewe engele gesien wat voor God staan, en aan hulle is sewe trompette gegee ... En daar was donderslae, dreunings, weerligstrale en 'n aardbewing.

# Openbaring




## Hoofstuk 8, 9: Ses plus 1 trompette





# Trompet 1

Die eerste een het op sy trompet geblaas, en daar was hael en vuur, gemeng met bloed, en dit is op die aarde uitgegooi. 'n Derde van die aarde is verskroei, 'n derde van die bome is verskroei, en al die groen gras is verbrand..





# Trompet 2

Die tweede engel het op sy trompet geblaas, en iets soos 'n enorme berg, wat vlammend brand, is in die see gegooi. 'n Derde van die see het bloed geword; 'n derde van die lewende wesens in die see het doodgegaan, en 'n derde van die skepe het vergaan.





# Trompet 3

Die derde engel het op sy trompet geblaas. 'n Groot ster wat soos 'n fakkel brand, het uit die hemel geval op 'n derde van die riviere en op die fonteine. Die ster se naam is Wildeals. En 'n derde van die waterbronne het soos wildeals geword, en baie mense het van die water doodgegaan, omdat dit bitter geword het.




# Trompet 4


Die vierde engel het op sy trompet geblaas, en 'n derde van die son, 'n derde van die maan en 'n derde van die sterre is getref, sodat 'n derde van hulle verduister is. Vir 'n derde van die dag was daar nie lig nie; en net so was dit ook in die nag.




# Trompet 5

# "Wee!" 1


En die vyfde engel het op sy trompet geblaas. Toe het ek 'n ster uit die hemel op die aarde sien val. Aan hom is die sleutel van die skag na die onpeilbare diepte gegee. Hy het die skag na die onpeilbare diepte oopgesluit, ... En hulle is aangesê om nie die gras van die aarde of enige plant of boom te beskadig nie, maar slegs daardie mense wat nie die seël van God op hulle voorkoppe het nie. Hulle is nie toegelaat om die mense dood te maak nie, maar slegs om hulle vyf maande lank te folter, ... In daardie dae sal die mense na die dood verlang, maar dit nie vind nie;




## Trompet 6

## "Wee!" 2


Ook die sesde engel het op sy trompet geblaas. ... “Maak los die vier engele wat by die groot Eufraatrivier vasgebind is.” Die vier engele wat gereed gestaan het met die oog op hierdie uur en hierdie dag en hierdie maand en hierdie jaar, is toe losgelaat om 'n derde van die mense dood te maak. ... Nogtans het die res van die mense, wat nie deur hierdie plae doodgemaak is nie, hulle nie bekeer van die werke van hulle hande nie.




Trompet 7


"Wee!" 3

Intermezzo!




Intermezzo

Hoofstuk 10 – prediking aan almal!
Hoofstuk 11: Woord en sakrament
Hoofstuk 12 en 13: Onheilige drietal (Satan + Antichis + Valse Profeet)





# 4 Aankondigings

Engel 1: Goeie boodskap: aanbid God!

Engel 2: Goeie boodskap: Babilon het geval!

Engel 3: Goeie boodskap: Wie Satan aanbid sal gestraf word!

4: Goeie boodskap: Christus sal op die troon sit!




## 2 reaksies


Reaksie 1: Lied van Moses: Prys die Here!

Reaksie 2: God se tempel bewaar as God Sy vyande vernietig

# Openbaring




## Hoofstuk 16-18: Sewe bakke





# Bak 1

Die eerste engel het uitgegaan, en sy bak op die aarde uitgegooi. Daar het toe kwaadaardige en bose swere uitgeslaan op die mense wat die merk van die dier dra en sy beeld aanbid





## Bak 2

Die tweede engel het sy bak oor die see uitgegooi. Dit het verander in bloed, soos van 'n dooie, en elke lewende wese in die see het doodgegaan.





# Bak 3

Die derde engel het sy bak oor die riviere en die fonteine uitgegooi, en dit het in bloed verander.





## Bak 4

Die vierde engel het sy bak oor die son uitgegooi, en die son is toegelaat om die mense met vuur te skroei. Die mense is deur 'n versengende hitte geskroei, en hulle het gelaster teen die Naam van God, wat mag oor hierdie plae het. Nogtans het hulle hulle nie bekeer, en aan Hom heerlikheid bewys nie.





## Bak 5

Die vyfde engel het sy bak oor die troon van die dier uitgegooi. Sy koninkryk is in duisternis gehul, en die mense het op hulle tonge gebyt van die pyn. Hulle het ook die God van die hemel gelaster, as gevolg van hulle pyne en hulle swere. Nogtans het hulle nie tot bekering van hulle dade gekom nie.




# Bak 6


Die sesde engel het sy bak oor die groot Eufraatrivier uitgegooi, en die rivier se water het opgedroog om 'n pad vir die konings uit die ooste gereed te maak. Toe het ek uit die bek van die draak, en uit die bek van die dier, en uit die mond van die vals profeet, drie onrein geeste sien kom wat soos paddas lyk. Hulle is demoniese geeste wat tekens doen, en wat na die konings van die hele bewoonde wêreld gaan, om hulle byeen te bring vir die oorlog op die groot dag van God, die Almagtige.




# Bak 7

Geen intermezzo!

Toe het die sewende engel sy bak in die lug uitgegooi. Uit die tempel, van die troon se kant af, het 'n harde stem uitgeroep: "Dit is afgehandel!"




# Oorlog!


Babilon vernietig
Vyande treur: geen hoop!
Vyande treur: geen hoop!

# Openbaring




## Hoofstuk 19-22: Finale oorwinning

## Oorwinning 1





Antichris en Valse Profeet in die poel van vuur

# Oorwinning 2







# Oorwinning 3





Satan en sy magte oorwin en in die poel van vuur.




# Oorwinning 4


Die boek van die lewe word oopgemaak: verlos!




# Oorwinning 5


Die dood oorwin!

# Oorwinning 6





Herskepping: "Kyk, Ek maak alles nuut."

# Oorwinning 7




Herskepping: Nuwe hemel daal neer op die nuwe aarde





# Oorwinning!

Uitverkorenes leef met God op die nuwe aarde met GEEN moontlikheid van sonde of 'n sondeval

# Openbaring




## Laaste woorde




Efese
Smirna
Pergamum
Tiatira
Sardis
Filadelfia
Laodisea
Wit perd
Oorwinnaar
Hael | Vuur | Bloed
Derde vernietig
Bose swere -
ongelowiges
A & VP
vuur
Rooi perd
Geen vrede
Vuur in see
Derde vernietig
Bak in see
Alles vernietig
Satan
gebind
Swart perd
Ongelykheid
Vuur in vars water
Derde vernietig
Bak in vars water
Alles vernietig
Satan
Vuur
Vaal perd
Dood
Hemelliggame getref
Derde vernietig
Hemelliggame
Geen bekering
Boek van
die lewe
Hemel
Kerk vervolg
Ongelowiges getref
Straf sonder dood
Duisternis
Geen bekering
Dood
oorwin
Aarde
Hoop-loos
Ongelowiges getref
Straf met dood
Reaksie:
oorlog!
Herskep
Intermezzo: Ewige
en huidige kerk
Intermezzo: kerk
daar desondanks
Finale oorlog:
vyand vernietig
Nuut!



# Ons opdrag




Volhard
Vermeerder
Bewaar



Efese
Smirna
Pergamum
Tiatira
Sardis
Filadelfia
Laodisea
Wit perd
Oorwinnaar
Rooi perd
Geen vrede
Swart perd
Ongelykheid
Vaal perd
Dood
Hemel
Kerk vervolg
Aarde
Hoop-loos
Hael | Vuur | Bloed
Derde vernietig
Vuur in see
Derde vernietig
Vuur in vars water
Derde vernietig
Hemelliggame
Derde vernietig
Ongelowiges getref
Straf sonder dood
Ongelowiges getref
Straf met dood
Intermezzo: Ewige
en huidige kerk
Bose swere -
ongelowiges
Bak in see
Alles vernietig
Bak in vars water
Alles vernietig
Hemelliggame getref
Geen bekering
Duisternis
Geen bekering
Reaksie:
oorlog!
Intermezzo: kerk
daar desondanks
A & VP
vuur
Satan
gebind
Satan
Vuur
Boek van
die lewe
Dood
oorwin
Herskep
Nuut!
Finale oorlog:
vyand vernietig

# Ons opdrag


Volhard
Vermeerder
Bewaar




# Onthou!
# Koning Jesus
# kom.
# Gou!



Efese
Smirna
Pergamum
Tiatira
Sardis
Filadelfia
Laodisea
Wit perd
Oorwinnaar
Hael | Vuur | Bloed
Derde vernietig
Bose swere -
ongelowiges
A & VP
vuur
Volhard
Rooi perd
Geen vrede
Vuur in see
Derde vernietig
Bak in see
Alles vernietig
Satan
gebind
Vermeerder
Swart perd
Ongelykheid
Vuur in vars water
Derde vernietig
Bak in vars water
Alles vernietig
Satan
Vuur
Vaal perd
Dood
Hemelliggame getref
Derde vernietig
Hemelliggame
Geen bekering
Boek van
die lewe
Hemel
Kerk vervolg
Ongelowiges getref
Straf sonder dood
Duisternis
Geen bekering
Dood
oorwin
Bewaar
Aarde
Hoop-loos
Ongelowiges getref
Straf met dood
Reaksie:
oorlog!
Herskep
Intermezzo: Ewige
en huidige kerk
Intermezzo: kerk
daar desondanks
Finale oorlog:
vyand vernietig
Nuut!